



BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MEI 2014 Nr 41

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Toe ons nog *lang pouse* kon hou

Elvis Blue sing in een van sy liedjies: *Toe ons jonk was, kon ons eet net waarvan ons hou, ons kon speel en lang pouse hou, toe ons jonk was...*

Daar is baie treffende waarhede in dié lied, maar die *lang pouse hou*, bly my by. Dit het my dadelik na my eie skooldae teruggeneem en die *lang pouse*. Soms kon ons nie vinnig genoeg op die sportveld kom, om een of ander spel te speel nie. Onthou die kosblik, waaraan ma jou elke oggend herinner het – *onthou jou kos* – voor jy met jou fiets skool toe gery het. So, aan die begin van die maand as die sakgeld nog genoeg was, was daar die luukse van iets by die snoepie koop. En helaas, huiswerk inhaal, vinnig nog 'n paar bladsye voor die toets leer. *Lang pouse* se verskillende kante...

Pouse is nou skaars. Ons lewe in 'n tyd van versnelling. Alles is vinniger en beter en almal weet presies waar ek my die hele tyd bevind. Hou maar jou selfoon dop. Nou voel dit vir my of ons in vandag se druk programme nie meer *lang pouse* kan hou nie. Nie elke dag nie, nie iewers in die week nie, ook nie elke maand nie en aan die einde van die jaar is die tyd ook heeltemal te kort. Dit is definitief besig om ons in te haal. Alles ly daaronder. Ons eie spiritualiteit, gesondheid, gesin en helaas die gemeente. Die ritme van elke dag se *lang pouse*, in watter vorm ook al, het ons verloor. 'n Langer *pouse* per week ook.

Op skool was *pouse* vir alles behalwe skoolwerk, uitgesonder die enkele kere wat dit vir huiswerk gebruik is. Ons *lang pouse* as onderbreking van die bediening, is vervleg met werksverpligtinge. Ons lees byvoorbeeld steeds ons e-posse op vakansie! Die bepalings oor lang verlof is juis daar om ons te help om weer 'n ordentlike *lang pouse* te neem. Dalk is dit tyd vir joune. Gaan vra jou kerkraad!

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



VBO-VOETPAD

SERTIFIKAAT IN BEDIENINGSVERNUWING 2014:

SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029.

Sodra ons u naam ontvang het, stuur ons vir u die registrasiebesonderhede. Daar is aan almal op die registrasielys 'n 2de e-pos gestuur – diégene wat nog nie bevestig het nie, moet asseblief so maak. Indien u nie die e-pos ontvang het, kan u my by shepherd@ufs.ac.za kontak.

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Module 1 en 2 – Kamer 120. Module 3 (Dag 1 en 2) – Kamer 21

Dag 1: 10:00 – 17:00

Dag 2: 09:00 – 17:00

Dag 3: 09:00 – 13:00

Nege modules oor 3 jaar versprei:

Jaar 1: 2014

| | | |
|--------------|----------------|--|
| Mod 1 | 17–19 Junie | Aanbieders: Dr Gerhard Botha/Prof Rian Venter <i>Oor ons Konteks – om die wêreld en tye waarin ons leef, dieper te verstaan</i> |
| Mod 2 | 15–17 Sept | Aanbieder: Prof Kobus Schoeman <i>Oor Gemeentes – deel van die probleem of deel van die antwoord?</i> |
| Mod 3 | 17–19 Nov | Aanbieder: Prof Rian Venter <i>Oor God – die Drie-enige God, Missio Dei en die plot van die Evangelie</i> |

24 – 26 JUNIE 2014: KORT KURSUS IN KONFLIK- OPLOSSING: 'N PASTORALE PERSPEKTIEF

Plek: Bloemfontein, UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

Tyd: 08:30 – 16:00

Koste: R2 200pp (sluit verblyf en etes uit) - 20 VBO-punte

Registrasie: SMS D31741, u naam en e-posadres na 31029

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014: DR RICHARD BLACKABY IN BLOEMFONTEIN

Plek: NG Gemeente Pellissier - Vlakfonteinlaan 6, Pellissier

Tyd: 10:30 – 15:30

Koste: R150pp - betaalbaar by Pellissier

Registrasie: SMS D26166, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:
[Shepherd Centre UFS](#)

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.